| | |
|---|---|
| **FINANSIëLE REKENINGKUNDE 700**<br>**Seminaar RS 5 – Inkomste**<br>***PH Ferreira*** | **DEPARTEMENT REKENINGKUNDE**<br>**UP** |

**Voorgeskrewe werke**:

1. Standpunte Die Konsepsuele Raamwerk
   (par. 4.37 – 4.39 and 4.47 – 4.48) - IASB
   IAS 18 - IASB
   IFRIC 13 - IASB
2. GAAP Handbook Volume 1 - Pretorius, **et al**
   - Hoofstuk 11
3. Circular 9/2006 - SAIGR

| **Vrae:** | | **Tyd** |
|---|---|---|
| Vraag 1 | Tydsberekening van erkenning van inkomste | ± 20 min |
| Vraag 2 | Vereffeningskortings | ± 23 min |
| Vraag 3 | Tydstip van inkomste-erkenning - dienslewering | ± 20 min |
| Vraag 4 | Waarborge, uitgestelde betaling, gratis diens | ± 35 min |
| Vraag 5 | Inkomste-erkenning | ± 40 min |
| Vraag 6 | Vooruitontvangde inkomste | ± 25 min |
| Vraag 7 | Besendingsvoorraad, gratis diens | ± 23 min |
| Vraag 8 | Klantlojaliteitsprogramme | ± 30 min |





**VRAAG 1**

Meld kortliks, met redes, hoe en wanneer daar in die volgende gevalle inkomste erken moet word:

2.1 Rente op skuldbriewe gehou. Rente is jaarliks agterna betaalbaar.

2.2 Voorkeurdividende op voorkeuraandele gehou. Die dividende is kumulatief en word normaalweg verklaar gedurende November vir aandeelhouers op 31 Desember geregistreer is. Betaling vind gewoonlik in Januarie plaas.

2.3 Gewone dividende op gewone aandele gehou. Die dividende word normaalweg twee keer per jaar (interim en finaal) verklaar vir aandeelhouers wat op 31 Maart (finaal) en 30 September (interim) geregistreer is. Die dividende word gewoonlik twee weke ná die registrasiedatum betaal.

2.4 Gelde verdien deur SKUT, 'n opleidingsinrigting. Fooie word kwartaalliks vooruitontvang en opleiding word oor drie termyne gegee.

2.5 Motorvoertuigverkope op paaiementverkope.

2.6 Hoeveelheidskortings ontvang vanaf verskaffers.

2.7 Opbrengs by verkoop van 'n item wat nie in voorraad is nie en nog by die koper afgelewer moet word.

2.8 Rente op 'n deelnemingsverband word vooruit ontvang aan die begin van elke kwartaal.

2.9 'n Maatskappy ontvang elke twee jaar tantième op 'n patent vanaf 'n ander maatskappy. Die ooreenkoms bepaal dat tantième van 5 sent per eenheid wat geproduseer is, betaal moet word.

**VRAAG 2**

Shorty Beperk is 'n kleinhandelaar met 'n 31 Desember jaareinde. Dit was nog altyd die maatskappy se beleid om vereffeningskortings toegestaan, as ander uitgawes te verantwoord op die datum wanneer die debiteur sy rekening vereffen. Verder is vereffeningskortings wat vanaf verskaffers ontvang is nog altyd as ander inkomste verantwoord op die datum wanneer die krediteur betaal is. Die rekenmeester van Shorty Beperk is nie vertroud met die inhoud van Circular 9/2006, *Transactions giving rise to adjustments to revenue / purchases,* nie.

Die volgende inligting is bekom uit die maatskappy se proefbalans vir die jaar geëindig 31 Desember 2005:

| | **2005** | **2004** |
|---|---|---|
| | **R** | **R** |
| Handelsdebiteure op jaareinde | 6 200 000 | 5 000 000 |
| Handelskrediteure op jaareinde | 3 900 000 | 3 500 000 |
| Vereffeningskortings gedurende die jaar toegestaan: | | |
| - Op vorige jaar se verkope | - | 35 000 |
| - Op verkope gedurende die jaar | 94 000 | 102 000 |
| Vereffeningskortings gedurende die jaar ontvang: | | |
| - Op vorige jaar se aankope | - | - |
| - Op aankope gedoen gedurende die jaar (20% van hierdie aankope was steeds voorhande op jaareinde) | 58 000 | - |

**Bykomende inligting:**

1. Daar word verwag dat 30% van die debiteure soos op 31 Desember 2005 hul rekeninge vroeg in 2006 sal vereffen, ten einde vir 'n 5%-vereffeningskorting te kwalifiseer.

2. Shorty Beperk is van voorneme om 80% van die krediteure soos op 31 Desember 2005 vroeg in 2006 te vereffen, ten einde vir 'n 2%-vereffeningskorting te kwalifiseer. Volgens die voorraadrekords was 75% van die voorraad wat vanaf hierdie krediteure aangekoop is, steeds voorhande op 31 Desember 2005.

3. Aanvaar dat werklike kortings toegestaan / ontvang altyd ooreenstem met verwagtings soos op die datum van verkoop / aankoop.





**VERLANG:**

Adviseer die rekenmeester van Shorty Beperk oor die korrekte hantering van die vereffeningskortings in die finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2005 (vergelykende bedrae ingesluit). Motiveer u advies en ondersteun u antwoord met die nodige bedrae.

**Let wel:**

- Beperk u antwoord tot advies – openbaarmakingsaantekeninge word nie verlang nie;
- Ignoreer die effek van belasting;
- U antwoord moet aan International Financial Reporting Standards voldoen.

(Oktober 2006 FRK 700 Eksamen)

**VRAAG 3**

U kliënt is 'n eiendomsagent. Op die oomblik erken die eiendomsagent kommissie uit verkope net wanneer die kommissie werklik ontvang is. Volgens wet is kommissie betaalbaar aan die eiendomsagent wanneer die verkoopsooreenkoms deur die koper en die verkoper onderteken is, en is dit onderhewig daaraan dat alle opskortende voorwaardes nagekom is en daar voldoen is aan die normale kriteria vir 'n geldige kontrak. U kliënt erken kommissie slegs by die ontvangs daarvan, want verkoopsooreenkomste word soms na die einde van die finansiële jaar gekanselleer.

**VERLANG:**

Bespreek die gepaste grondslag vir die erkenning van kommissie.

[BRON : Unisa]

**VRAAG 4**

U is die tegniese vennoot van IAS Ing. U kliënte bestaan uit klein tot groot korporatiewe entiteite. Die volgende e-posse van u kliënte vereis u onmiddellike aandag:

**E-pos 1** **(13 punte)**

LAN Beperk is 'n kleinhandelsonderneming. Die meerderheid van sy inkomste spruit voort uit verkope van verskeie kledingstukke.

LAN Beperk het 'n beleid om aankope in kontant terug te betaal, indien die goedere binne twee maande na die datum van aankope deur ontevrede klante teruggebring word, selfs al is daar geen wetlike verpligting op die maatskappy om dit te doen nie. Die onderneming se beleid om terugbetalings te maak, is algemeen aan klante bekend.

Op grond van vorige ervaring en toekomstige verwagtinge, word beraam dat 13% van alle verkope ingevolge hierdie beleid teruggebring sal word.

Die rekenmeester van LAN Beperk is nie seker hoe die bogenoemde gehanteer behoort te word nie.

**VERLANG:**

Skryf 'n memorandum aan die rekenmeester van LAN Beperk waarin u die toepaslike rekeningkundige hantering van die bogenoemde beleid in die finansiële state van LAN Beperk, in ooreenstemming met International Financial Reporting Standards, bespreek.

**Let wel:** Moet nie enige aanbieding- of openbaarmakingsvereistes bespreek nie.





**E-pos 2** **(10 punte)**

In jare voor 2006 het Sale Beperk sy huishoudeliketoestel-kleinhandelsbesigheid uitsluitlik op 'n kontantverkope-grondslag bedryf. Vanaf 1 September 2006, ten einde 'n groter markaandeel te verkry, het Sale Beperk begin om alle huishoudelike toestelle tydens 'n drie maande lange spesiale aanbieding (d.i. 1 September 2006 tot 30 November 2006), onder die volgende voorwaardes te verkoop:

- Verkoop goedere steeds teen kontantpryse soos voor die spesiale aanbieding aan klante, maar staan een jaar se rentevrye krediet toe; en
- Onderneem om die huishoudelike toestelle wat verkoop is gratis te diens, presies een jaar na die aankoopdatum.

Die enigste joernaalinskrywing wat deur die rekenmeester van Sale Beperk ten opsigte van bostaande verkope verwerk is, is die volgende:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Dt** | Debiteure | 5 000 000 | |
| **Kt** | Verkope | | 5 000 000 |

*Verkope tydens die drie maande "spesiale" tydperk*

**VERLANG:**

Bespreek die toepaslike rekeningkundige hantering in die boeke van Sale Beperk van die verkope vir die drie maande waartydens die spesiale aanbieding gegeld het.

**Let wel:**
- Moet nie enige aanbieding- of openbaarmakingsvereistes bespreek nie.
- U antwoord moet aan International Financial Reporting Standards voldoen.

(DEV 1 van 2006)

**VRAAG 5** **(30 punte)**

U is die ouditbestuurder van "Connection Incredible", 'n maatskappy gemoeid met die verkoop van algemene rekenaarstelsels en die ontwikkeling van rekenaarsagteware, spesifiek volgens individuele klante se spesifikasies. Die ouditsenior het die volgende werkspapiere met betrekking tot die verkoop van 'n rekenaarstelsel aan SBI Beleggingshuis, 'n hoogs winsgewende beleggingsbestuurmaatskappy in Suid Afrika voorberei.

**Skedule:**

| **Pretoria & Kie Ouditeure** | | | **A1** |
|---|---|---|---|
| **Kliënt:** Connection Incredible Bpk | | **Voorberei deur:** Ouditklerk | |
| **Jaareinde:** 31 Desember 2005 | | **Datum:** 3 Februarie 2006 | |
| **Skedule:** Staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste | | | |
| **Rekening nommer** | **Rekeningbeskrywing** | **2005** | **2004** |
| 000173827 | Wins met verkoop van rekenaarstelsel | 3 000 000 | 0 |
| 000248372 | Tuisbladontwerp | 100 000 | 0 |
| 000178738 | Instandhoudingsfooie verdien – SBI Beleggingshuis | 170 000 | 0 |
| 000032873 | Rente op lening vanaf SBI Beleggingshuis | (225 000) | 0 |

**Werkspapiere:**

| **Pretoria & Kie Ouditeure** | | **A1** |
|---|---|---|
| **Kliënt:** Connection Incredible Bpk | **Voorberei deur:** Ouditklerk | |
| **Jaareinde:** 31 Desember 2005 | **Datum:** 3 Februarie 2006 | |
| **Onderwerp:** Verkoop van rekenaarstelsel aan SBI Beleggingshuis en lening vanaf SBI Beleggingshuis. | | |
| **1.** | **Agtergrond van transaksie:**<br><br>Connection Incredible het 'n rekenaarstelsel aan SBI Beleggingshuis vir 'n bedrag van R8 000 000 verkoop. Die rekenaarstelsel is reeds geïnstalleer en die stelsel loop volgens die klant se spesifikasies. Die verkoopsooreenkoms is op 30 Junie 2005 gesluit en teen 30 September 2005 het die stelsel ten volle aan SBI beleggingshuis se vereistes voldoen. | |
| **2.** | **Finansiering van die transaksie:**<br><br>Om Connection Incredible by te staan met die finansiering van die stelsel, het SBI Beleggingshuis 'n bedrag van R3 000 000 aan Connection Incredible geleen vir die tydperk 1 Augustus 2005 tot 30 Junie 2006. Die lening is terugbetaalbaar op 30 Junie 2006 en rente word teen 18% per jaar gehef. | |





**Werkspapiere(vervolg):**

| **Pretoria & Kie Ouditeure** | | **A1** |
|---|---|---|
| **Kliënt:** Connection Incredible Bpk | **Voorberei deur:** Ouditklerk | |
| **Jaareinde:** 31 Desember 2005 | **Datum:** 3 Februarie 2006 | |
| **Onderwerp:** Verkoop van rekenaarstelsel aan SBI Beleggingshuis en lening vanaf SBI Beleggingshuis. | | |
| **3.** | **Terme en voorwaardes van die transaksie:**<br><br>SBI Beleggingshuis moet twee betalings van R4 000 000 elk onderskeidelik op 30 September 2006 en 30 September 2007 maak. Enige instandhoudingskoste is vir SBI Beleggingshuis se eie rekening. Die enigste instandhoudingskoste betaal deur SBI Beleggingshuis, was vir dienste gelewer op 21 November 2005. | |
| **4.** | **Produksiekoste van stelselontwikkeling:**<br><br>Die projekskedules is geïnspekteer. Die totale koste van die stelsel vir Connection Incredible was R5 000 000. | |
| **5.** | **Tuisbladontwerp**<br><br>Connection Incredible kwoteer 'n standaard bedrag van R100 000 vir die ontwerp van 'n tuisblad. Koste kan wissel, maar is altyd minder as R100 000. Teen 31 Desember 2005 is R28 000 se koste aangegaan vir die ontwikkeling van die SBI Beleggingshuis se tuisblad. Totale koste is nie bepaalbaar nie, maar sal minder as R100 000 beloop. | |

**Finansiële State:**

U het die voorlopige finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2005 geïnspekteer, en het opgemerk dat die lening van R3 000 000 teen die bedrag verhaalbaar vanaf SBI Beleggingshuis verreken is. Dit het tot gevolg dat 'n netto debiteur van R5 000 000 geopenbaar word in die staat van finansiële posisie. Geen verdere verwysing na die lening vanaf SBI Beleggingshuis in die finansiële state word gemaak nie.

Die volgende bedrae is in die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste vir die jaar geëindig 31 Desember 2005 ingesluit:

| | |
|---|---|
| Wins met verkoop van rekenaarstelsel | R3 000 000 |
| Rente op lening vanaf SBI Beleggingshuis | (R 225 000) |
| Tuisbladontwerp | R 100 000 |

**VERLANG:**

Bespreek die aanvaarbaarheid, in terme van International Financial Reporting Standards, van die rekeningkundige hantering van die bogenoemde transaksies en openbaarmaaking in die finansiële state van Connection Incredible vir die jaar geëindig 31 Desember 2005. U kan aanvaar dat 18% 'n billike opbrengskoers is.

**Let Wel:** Die implikasies van IAS 32 en IFRS 9 moet nie bespreek word nie.

**VRAAG 6**

U is onlangs aangestel as die assistent van die finansiële direkteur van Plex-Fame Bpk. Plex-Fame Bpk is 'n vinnig groeiende, gediversifiseerde genoteerde vermaaklikheidsmaatskappy met bedrywighede regdeur Suid Afrika en sekere state van Amerika. Die bedrywighede van Plex-Fame sluit in rolprent-teaters, televisie-produksies, en 'n 60%-belang in Media Bpk, 'n maatskappy wat spesialiseer in vermaaklikheidsverwante bemarking en promosie.

Dit is 22 Maart 1999, 'n week voor die jaareinde van Plex-Fame. U is deur die finansiële direkteur gevra om hom the adviseer oor die korrekte rekeningkundige hantering en openbaarmaking van die volgende items:

**Kaartjieverkope**

Die maatskappy gaan 'n Suid Afrikaanse weergawe van die gewilde "Miss Saigon" op die planke bring - die vertoning sal in Augustus 1999 begin. Die populêre vertoning is al vir drie jaar in London vertoon, en is so te sê elke aand vol bespreek. Plex-Fame Bpk het vooruit besprekings ontvang vanaf Augustus 1998, en die eerste vier weke van die vertoning is reeds uitverkoop. Gemiddelde kaartjiepryse is R65, en 7 vertonings per week sal gedoen word. Die teater wat vir die vertoning gebruik gaan word, het 1 200 sitplekke. Op 22 Maart 1999 het Plex-Fame inkomste van R1,7 miljoen aan rente verdien op die fondse wat ten opsigte van die vooruitbespreekte kaartjies ontvang is. Behalwe vir die beduidende belegging in bemarking (R4 miljoen), sal die maatskappy R15 miljoen in voorproduksiekoste teen Augustus 1999 spandeer het. Sodra die vertonings begin, sal lopende koste minstens R250 000 per week beloop.

**GEVRA:**

Berei 'n verslag voor vir die Finansiële Direkteur oor die korrekte rekeningkundige hantering en openbaarmaking van die bogenoemde transaksie.

Igonoreer belastingimplikasies.

[Bron; KE 1999 Deel 1, Vraestel 1]





**VRAAG 7** **(15 punte)**

B-M Bpk vervaardig en verkoop Carcomps ('n motorrekenaar). Gedurende the laaste paar maande van die finansiële jaar (30 Junie 20X2: jaareinde) het verkope begin daal.

Die bemarkingsbestuurder het ongeveer twee weke voor die finansiële jaareinde die volgende strategie voorgestel om die verkope te verhoog.

1. B-M Bpk sal in die toekoms Carcomps aan maatskappye in Amerika verskaf op die grondslag dat die buitelandse verspreiders slegs vir die voorraad sal betaal sodra dit verkoop is aan derde partye (besendingsvoorraad). 'n Addisionele verkoopbepaling is van toepassing op hierdie verkope in Amerika, naamlik dat klante die produk kan teruggee binne 2 weke na transaksiedatum solank daar geen skade aan die produk of verpakking is nie. Die volgende transaksies het tussen 13-30 Junie 20X2 plaasgevind:

    a. 350 Carcomps is op 13 Junie 20X2 na 'n Amerikaanse verspreider teen 'n verkoopsprys van $550 per eenheid verskeep en is op 14 Junie 20X2 deur hom ontvang. Die verspreider sal die produkte teen $580 per eenheid verkoop.
    b. 120 Carcomps is op 15 Junie 20X2 deur die Amerikaanse verspreider op krediet verkoop en 'n addisionele 150 Carcomps is ook op 20 Junie 20X2 deur hom op krediet verkoop. Die spesifieke verkoopbepalings soos in (a) hierbo, is van toepassing.

2. Vanaf 15 Junie 20X2 sal Carcomps plaaslik (in SA) verkoop word sonder enige reg om die produkte binne 2 weke na transaksiedatum terug te gee. Die verkoopprys is R4 125 per Carcomp en sal 'n gratis diens insluit wat van toepassing sal wees enige tyd binne 6 maande na die datum van die verkoopstransaksie. 15% van die verkoopprys kan aan die gratis diens toegeskryf word. Transaksies wat tussen 15 tot 30 Junie 20X2 op die grondslag plaasgevind het, is soos volg:

    - 440 Carcomps is op krediet verkoop (gelykmatig gedurende die tydperk 16 to 30 Junie 20X2) aan klante deur die kleinhandelafsetpunte van die maatskappy. Teen 30 Junie 20X2 is daar slegs 2 van die eenhede gediens.

3. 'n Kontrak om 150 Carcomps aan groothandelaars te verkoop teen R2 800 per produk, is op 25 Junie 20X2 gesluit. Hierdie items is op 5 Julie 20X2 by die groothandelaars afgelewer en die risko's en vergoeding wat met eienaarskap van die produkte verband hou, is ook op dié datum oorgedra.

**Bykomende inligting**

1. Die Rand het op die onderstaande datums teen die volgende koerse verhandel:

| **Datums** | **VSA $ = R** |
|---|---|
| 13 Junie 20X2 | $1=R9,62 |
| 14 Junie 20X2 | $1=R9,70 |
| 15 Junie 20X2 | $1=R9,68 |
| 20 Junie 20X2 | $1=R9,80 |
| 28 Junie 20X2 | $1=R9,78 |
| 29 Junie 20X2 | $1=R9,60 |
| 30 Junie 20X2 | $1=R9,47 |

2. Die maatskappy waardeer voorraad op die EIEU-metode en die winsopslag is 25% op kosprys, gebaseer op 'n verkoopprys van R4 125. Daar kan aanvaar word dat alle eenhede voorhande dieselfde kosprys het.
3. Die Carcomps eindvoorraad in die pakhuis van B-M Bpk was R950 400 op jaareinde, 30 Junie 20X2, terwyl grondstofvoorraad R750 000 was op jaareinde. Daar was geen werk-in-proses op jaareinde nie.
4. As gevolg van die feit dat dit die eerste keer is dat Carcomps op 'n "verkoop en teruggee"-basis verkoop is, kan bestuur nie bepaal hoeveel items klante sal terugbring nie.
5. Aanvaar alle bedrae is wesenlik.

**GEVRA:**

a) Bereken die bedrae van transaksies 1 – 3 wat in inkomste ingesluit moet word vir die jaar geëindig 30 Junie 20X2

b) Berei die aantekening vir openbaarmaking van eindvoorraad voor, soos op 30 June 20X2. (Slegs dieaantekening wat met die staat van finansiële posisie verband hou).

**Let wel:**

- Rekeningkundige beleid aantekeninge kan geïgnoreer word.
- U antwoord moet voldoen aan International Financial Reporting Standards.
- Ignoreer die tydwaarde van geld.





**VRAAG 8**

**Deel a**

Fly Bpk bedryf 'n lugdiens tussen Johannesburg en Kaapstad. Die maatskappy het onlangs met 'n klantlojaliteitsprogram begin, ingevolge waarvan klante lugmyle verdien wanneer kaartjies gekoop word. Sodra 'n klant 20 000 lugmyle geakkumuleer het, kan hierdie myle ingeruil word op 'n gratis kaartjie. Daar is redelike sekerheid dat alle klante hul gratis lugmyle sal benut.

**VERLANG:**

Verduidelik kortliks hoe die verkoop van 'n vliegkaartjie ingevolge IAS 18 en IFRIC 13 verantwoord moet word. Moet nie inkomste-erkenningskriteria aanspreek nie.

**Deel b**

'n Supermark bedryf 'n klantlojaliteitsprogram, ingevolge waarvan klante 1 punt verdien vir elke R100 wat spandeer word. Elk van hierdie punte mag tydens daaropvolgende besoeke aan die winkel afgelos word vir goedere met 'n waarde van R15. 'n Maksimum van 20 punte mag egter in 'n kalendermaand afgelos word. Met inagname daarvan dat ongeveer 80% van die punte wat aan klante toegeken word, afgelos word, word die billike waarde van elke punt wat toegeken word, geraam as R12. Die punte het gaan vervaldatum nie.

Mnr Green, wat lid is van die supermark se klantlojaliteitsprogram, het op 1 Januarie 20X7 R4 500 by die supermark spandeer. Op 1 Februarie 20X7 het hy goedere ter waarde van R2 500 gekoop en 20 van sy punte as gedeeltelike betaling ingeruil. Op daardie stadium is verwag dat hy in totaal ongeveer 90% van sy punte sal aflos en word die billike waarde van elke punt toegeken geraam as R13,50. Op 1 Maart 20X7 het hy goedere ter waarde van R3 000 gekoop en nog 'n bykomende 20 punte ingeruil. Op daardie stadium is verwag dat hy in totaal ongeveer 95% van sy punte sal aflos en word die billike waarde van elke punt toegeken geraam as R14,25.

**VERLANG:**

Bereken die bedrag van inkomste wat die supermark onderskeidelik op 1 Januarie 20X7, 1 Februarie 20X7 en 1 Maart 20X7 moet erken.

**Deel c**

'n Klerewinkel bedryf 'n klantlojaliteitsprogram, ingevolge waarvan klante 1 punt, vir elke R100 wat hulle spandeer, verdien. Hierdie punte mag by Skyfly Lugdiens ingeruil word as gedeeltelike/volle betaling vir vliegkaartjies. Die klerewinkel betaal die lugdiens R4,50 vir elke punt wat die klerewinkel se klante by die lugdiens inruil. Die billike waarde van 'n punt wat toegeken word, word beraam op R5, met inagname daarvan dat ongeveer 95% van die punte wat toegeken word, normaalweg afgelos word. (Aanvaar dat die raming van 95% deurentyd konstant bly.) 10 000 punte is gedurende die 20X7 finansiële jaar toegeken, waarvan 6 000 voor die einde van die jaar afgelos is.

**VERLANG:**

1. Met betrekking tot die punte wat toegeken en afgelos word, bespreek kortliks die korrekte rekeningkundige hantering in die boeke van die klerewinkel. U bespreking moet bedrae insluit.
2. Aanvaar dat die klantlojaliteitsprogram deur die lugdiens instede van die klerewinkel bedryf word. Die lugdiens het ‘n ooreenkoms met die klerewinkel aangegaan ingevolge waarvan die klerewinkel namens die lugdiens punte sal toeken en die verbandhoudende vergoeding sal kollekteer. (Die vergoeding / billike waarde van elke toegekende punt is R5.) Die klerewinkel sal dan ‘n bedrag van R4,50 aan die lugdiens oorbetaal vir elke punt wat toegeken is. Hierdie punte mag by die lugdiens ingeruil word vir gratis kaartjies. Bespreek kortliks hoe die klerewinkel se rekeningkundige hantering sal verskil van die hantering in (1).

**Deel d**

‘n Lugdiens bedryf ‘n klantlojaliteitsprogram, ingevolge waarvan lugmyle aan passasiers toegeken word wanneer hulle kaartjies koop. Hierdie myle mag dan ingeruil word vir gratis kaartjies, onderhewig aan sekere minimum vereistes. Gedurende die 20X5 finansiële jaar is 1 000 000 lugmyle toegeken. Met inagname daarvan dat slegs 70% van toegekende lugmyle normaalweg afgelos word, beloop die billike waarde van elke lugmyl wat toegeken word, R10. Die kostes wat aangegaan sal moet word om een lugmyl gestand te doen, word op R12 geraam. 600 000 van hierdie lugmyle is gedurende 20X5 afgelos. Op 31 Desember 20X5 (jaareinde) het dit duidelik geword dat, in totaal, ongeveer 90% van die lugmyle wat gedurende 20X5 toegeken is, heel moontlik afgelos sal word, instede van slegs 70%.

**VERLANG:**

Bespreek kortliks die implikasie van die verandering in die verwagte aflossingskoers van 70% na 90%.